



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**EKONOMIE
MEMORANDUM**

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING A (Verplichtend)**VRAAG 1 (LU1 – LU4)**

1.1

LU1	1.1.1	A ✓✓	Grond	
	1.1.2	C ✓✓	bygetel	(2)
	1.1.3	C ✓✓	markmeganisme	(2)
LU2	1.1.4	B ✓✓	links.	(2)
	1.1.5	A ✓✓	oligopolie	(2)
	1.1.6	A ✓✓	Totale nut	(2)
LU3	1.1.7	C ✓✓	Kapitaalwinsbelasting	(2)
	1.1.8	B ✓✓	nog duurder	(2)
	1.1.9	B ✓✓	Debiet	(2)
LU4	1.1.10	C ✓✓	plattelandse	(2)
	1.1.11	B ✓✓	GATT.	(2)
	1.1.12	A ✓✓	omgewing.	(2)

1.2	1.2.1	Arbeidsmag ✓✓		(2)
	1.2.2	Relatiewe prys ✓✓		(2)
	1.2.3	Per capita inkome ✓✓		(2)
	1.2.4	WHO ✓✓		(2)
	1.2.5	Rykdom ✓✓		(2)

1.3	1.3.1	E ✓✓	Gawes uit die natuur	(2)
	1.3.2	G ✓✓	Totale besteding van verbruikers en nie-winsgewende instellings	(2)
	1.3.3	A ✓✓	'n Enkele verkoper met geen nabye substitute	(2)
	1.3.4	B ✓✓	Bevrediging verkry deur die verbruik van 'n artikel	(2)
	1.3.5	D ✓✓	Ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele bied vir myne, vervaardiging en ander besighede	(2)
	1.3.6	I ✓✓	Toename in produksievermoë	(2)
	1.3.7	C ✓✓	'n Voorbeeld van regeringsinmenging om armoede te verlaag	(2)
	1.3.8	F ✓✓	Het kwessies soos aardverwarming en besoedeling aangespreek	(2)

TOTAAL AFDELING A: 50**AFDELING B (Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling)****VRAAG 2 (LU1) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

2.1	2.1.1	verbreding ✓✓		(2)
	2.1.2	finale ✓✓		(2)
	2.1.3	beplande ✓✓		(2)
	2.1.4	ekstraktiewe ✓✓		(2)

2.2	•	Kan nie van werker geskei word nie ✓✓		
	•	Kan nie gestoor word nie ✓✓		
	•	Aanbod kan nie vinnig verhoog word nie ✓✓		
	•	Verskil in kwaliteit ✓✓		
			(Enige 3x2)	(6)

2.3 DATA RESPONS

- 2.3.1 Goedere en dienste wat binne die grense van 'n land geproduseer word en aan die res van die wêreld verkoop word. ✓✓ (2)
- 2.3.2 Asië ✓✓ (2)
- 2.3.3 M of Z ✓✓ (2)
- 2.3.4
- Meet die totale besteding op finale goedere en dienste wat in die plaaslike ekonomie geproduseer word. ✓✓
 - Dit is die som van die finale gebruike van goedere en dienste deur SA inwoners min die waarde van netto invoere. ✓✓
 - Dit kan deur die volgende formule bereken word $C+G+I+X-M$. ✓✓
(Enige 2x2) (4)

2.4 DATA RESPONS

- 2.4.1 Bestaan uit alle strukture en stelsels wat ekonomiese aktiwiteit fasiliteer. ✓✓ (2)
- 2.4.2
- Om mededingend te bly ✓✓
 - Om buitelandse investering te lok ✓✓ (4)
- 2.4.3
- Hidro-elektriese krag ✓✓
 - Brandhout ✓✓
 - Son-energie ✓✓
 - Wind-energie ✓✓
 - Gety-energie ✓✓ (Enige 2x2) (4)

2.5 Motivering

- Winsmotief speel 'n belangrike rol ✓✓
- In die privaatsektor van die gemengde ekonomie, word verbruikers en produsente deur eiebelang gemotiveer. ✓✓
- Die openbare sektor word deur die welstand van die gemeenskap gemotiveer. ✓✓ (Enige 2x2)

Eienaarskap

- Verbruikers, produsente en organisasies besit die meeste van die produksiefaktore. ✓✓
- Die regering besit ook land en kapitaal deur hul ondernemings. ✓✓
- Bv. SABC, Eskom, Transnet, ens. ✓✓ (Enige 2x2) (8)

- 2.6
- Die bydrae van Suid-Afrikaanse primêre sektor het gedaal. ✓✓
 - Dit is as gevolg van strukturele veranderinge. ✓✓
 - RSA-ekonomie is minder afhanklik van primêre sektor. ✓✓
 - Nogtans is primêre sektor baie belangrik want dit voorsien voedsel aan die plaaslike bevolking. ✓✓
 - Dit dra ook grootliks by tot werkverskaffing en uitvoerverdienste. ✓✓
(Enige 4x2) (8)

VRAAG 3 (LU2) (50 PUNTE – 25 MINUTE)

- 3.1 3.1.1 Ekonomiese ✓✓ (2)
 3.1.2 Monopolie ✓✓ (2)
 3.1.3 substitute ✓✓ (2)
 3.1.4 wins ✓✓ (2)
- 3.2
- Monopolie ✓✓
 - Oligopolie ✓✓
 - Monopolistiese mededinging ✓✓ (3x2) (6)
- 3.3 **DATA RESPONS**
- 3.3.1 Elastiese aanbod/Relatief elasties ✓✓ (2)
- 3.3.2 Die verhouding tussen die verandering in prys en die proporsionele verandering in hoeveelheid aangebied. ✓✓ (2)
- 3.3.3
- Vlak van indiensname. ✓✓
 - Vlak van spaar kapasiteit in die nywerheid. ✓✓
 - Vermoë van die produk om gestoor te kan word. ✓✓
 - Industriële aard van die produk. ✓✓
 - Tyd ✓✓ (Enige 2x2) (4)
- 3.3.4 Pryselastisiteit van Aanbod

$$= \frac{\% \text{ verandering in hoeveelheid aangebied}}{\% \text{ verandering in prys}} \checkmark$$
 (2)
- 3.4 **DATA RESPONS**
- 3.4.1 Die addisionele koste om 'n addisionele eenheid te produseer. ✓✓ (2)
 3.4.2 $MI = MK$ ✓✓ (2)
 3.4.3 $R8$ ✓✓✓ (3)
 3.4.4 $-R2$ ✓✓✓ (3)
- 3.5 **Korttermyn kostes**
- Korttermyn is 'n periode waartydens een of meer hulpbronne nie kan verander nie. ✓✓
 - Korttermyn koste kan vas of veranderlik wees. ✓✓
 - Vaste koste kan nie verander nie terwyl veranderlike koste kan verander. ✓✓ (Enige 2x2)
- Langtermyn kostes**
- Langtermyn is 'n periode waartydens alle kostes kan verander. ✓✓
 - Daar is nie vaste koste oor die langtermyn nie. ✓✓
 - Alle produksiekoste is veranderlike oor die langtermyn. ✓✓ (Enige 2x2) (8)

3.6 Substitute

- As naby substitute beskikbaar is, sal vraag elasties wees. ✓✓
- As daar 'n toename in prys is sal kopers na substitute neig. ✓✓
- Maar as substitute nie beskikbaar is nie, sal vraag onelasties wees ✓✓
(Enige 2x2)

Noodsaaklikheid

- Vraag na noodsaaklikhede soos brood en melk sal onelasties wees. ✓✓
- Verbruikers moet 'n sekere hoeveelheid koop al is die prys hoog. ✓✓
- Maar vir nie-noodsaaklikhede en luukshede sal vraag elasties wees. ✓✓
- Die vraag na luukshede is elasties omdat verbruikers daarsonder kan lewe. ✓✓
(Enige 2x2) (8)

[50]**VRAAG 4 (LU3) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

- 4.1
- | | | |
|-------|-------------|-----|
| 4.1.1 | hoër ✓✓ | (2) |
| 4.1.2 | vraag ✓✓ | (2) |
| 4.1.3 | HOP ✓✓ | (2) |
| 4.1.4 | uitvoere ✓✓ | (2) |
- 4.2
- Lewer inkomste. ✓✓
 - Word gemeet op 'n spesifieke datum. ✓✓
 - Moet onderhou word. ✓✓
 - Het beperkings/hinderlike voorwaardes. (Enige 3x2) (6)
- 4.3 **DATA RESPONS**
- 4.3.1 Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap ✓✓ (2)
- 4.3.2
- Ekonomiese welstand ✓✓
 - Verbetering van lewenstandaard en lewenskwaliteit ✓✓
 - Vryheid en sosiale regverdigheid en vrede en sekuriteit vir die mense van Suidelike Afrika. ✓✓ (Enige 1x2) (2)
- 4.3.3
- Vryhandelsgebied ✓✓
 - Doeane unie ✓✓
 - Gemeenskapsmark ✓✓
 - Ekonomiese unie ✓✓
 - Monetêre unie ✓✓ (Enige 2x2) (4)
- 4.3.4
- Om ekonomiese groei en ontwikkeling te bereik. ✓✓
 - Verligting van armoede. ✓✓
 - Verbeter die lewenstandaard. ✓✓
 - Maksimeer produktiewe werkverskaffing en aanwending van hulpbronne. ✓✓
 - Volhoubare aanwending van natuurlike hulpbronne. ✓✓
 - Effektiewe beskerming van die omgewing ✓✓ (Enige 1x2) (2)

4.4 DATA RESPONS

4.4.1 'n Opdrag van 'n rekeninghouer aan sy bank ✓✓ om 'n som geld aan iemand anders te betaal. ✓✓ (4)

4.4.2

- Kredietkaart ✓✓
- Debietkaart ✓✓
- Internet bankdienste/elektroniese geld/e-geld ✓✓
- Posorders en geldorders. ✓✓ (Enige 2x2) (4)

4.4.3

- Munte ✓✓
- Banknote ✓✓
- Vraagdeposito's/Deposito geld ✓✓ (Enige 1x2) (2)

4.5 Ongelyke besit van rykdom ✓✓

- Rykdom genereer inkomste in die vorm van rente en dividende. ✓✓
- Verskille in rykdom veroorsaak verskille in inkomste. ✓✓

Verskille in die samestelling van huishoudings ✓✓

- Sommige huishoudings is groot en andere is klein. ✓✓

Verskille in vaardighede en kwalifikasies ✓✓

- Diegene met gevorderde vaardighede en kwalifikasies verdien 'n hoër inkomste. ✓✓

Diskriminasie ✓✓

- Die inkomste van sommige groepe word nadelig geraak as gevolg van diskriminasie. ✓✓
- Sommige mense het beter werkgeleenthede, salarisse en bevorderingsgeleenthede. ✓✓ Enige 2(2x2) (8)

4.6

- Die kwaliteit van arbeid kan op verskillende maniere verbeter word. ✓✓
- Onderwys en opleiding dra by tot ekonomiese groei en ontwikkeling. ✓✓
- Verbeterde geletterdheidsvlakke is 'n voorvereiste vir opleiding. ✓✓
- Opgeleide werkers kan kapitaaltoerusting meer effektief gebruik. ✓✓
- Die vermoë om te werk hang af van die gesondheid van werkers. ✓✓
- Gesonde mense is meer produktief. ✓✓
- Motivering is noodsaaklik sodat werkers bedag en innoverend kan wees. ✓✓
- Werkskepping kan plaasvind deur arbeidsintensiewe ontwikkelingsprogramme. ✓✓
- 'n Land moet verseker dat sy bevolking onderhou kan word deur sy beskikbare natuurlike hulpbronne. ✓✓
- Onbeplande gesinne is die hooforsaak van armoede en werkloosheid. ✓✓ (Enige 4x2) (8)

[50]

VRAAG 5 (LU4) (50 PUNTE – 25 MINUTE)

- 5.1 5.1.1 absolute ✓✓ (2)
- 5.1.2 handels- ✓✓ (2)
- 5.1.3 groen ✓✓ (2)
- 5.1.4 absolute ✓✓ (2)
- 5.2
- Werkgeleenthede ✓✓
 - Verhoogde lewenstandaard ✓✓
 - Verminderde isolasie ✓✓
 - Groter menslike ontwikkeling ✓✓
 - Ekonomiese groei ✓✓
 - Wêreldburgers ✓✓ (Enige 3x2) (6)
- 5.3 **DATA RESPONS**
- 5.3.1 Die voorsiening van energie om mense se behoeftes te bevredig, sonder om die vermoë van toekomstige generasies se vermoë om behoeftes te bevredig, in te boet. ✓✓ (2)
- 5.3.2
- Hulpbronne wat aangevul en herproduseer kan word. ✓✓
 - Mag uitgeput raak as dit nie op gepaste manier bestuur word nie. ✓✓
 - Bv. flora en fauna, natuurlewe, ens. ✓✓ (Enige 2x2) (4)
- 5.3.3
- Steenkool ✓✓
 - Diamante ✓✓
 - Goud ✓✓
 - Fossielbrandstowwe ✓✓
 - (Aanvaar enige toepaslike voorbeeld) (Enige 2x2) (4)
- 5.4 **DATA RESPONS**
- 5.4.1 Die integrasie van ekonomiese aktiwiteite op 'n wêreldwye skaal. ✓✓ (2)
- 5.4.2 Ontwikkelde en ontwikkelende lande ✓✓ (2)
- 5.4.3
- Verenigde Nasies (VN) ✓✓
 - Wêreldbank ✓✓ (Enige 1x2) (2)
- 5.4.4
- Tegnologiese veranderinge ✓✓
 - Handelsliberalisering ✓✓
 - Multi-nasionale ondernemings ✓✓
 - Standaardisasie ✓✓ (Enige 2x2) (4)

5.5 Basiese ekonomiese dienste

- Die beskikbaarheid van skoon water, sanitasie, elektrisiteit en afvalverwydering ✓✓
- Die regering streef daarna om elke persoon met voldoende gesondheidsorg te voorsien. ✓✓
- 'n Veilige sanitasie fasiliteit en afvalverwyderingstelsel word ook voorsien. ✓✓ (Enige 2x2)

Voedselskemas

- Dit word voorsien deur Geïntegreerde Voedsel Sekuriteit- en Voedingsprogramme. ✓✓
- Dit is om die voedingsvlakke van gemeenskappe te verbeter. ✓✓
- Dit verseker dat die armste gesinne, veral huishoudings met kinders aan die hoof, ten minste een voedsame maal per dag kry ✓✓
- Ook om werk aan gemeenskappe te voorsien deur gemeenskapsbesitte en gemeenskapsgebaseerde programme wat volhoubare voedselsekuriteit verseker. ✓✓ (Enige 2x2) (8)

- 5.6
- Globalisering is afhanklik van vervoer en kommunikasie. ✓✓
 - Sonder hulle kan die globale ekonomiese stelsel nie bestaan nie. ✓✓
 - Ontwikkelings in beide het die beweeglikheid van grondstowwe getransformeer. ✓✓
 - Daar is 'n massiewe geografiese uitbreiding in markte. ✓✓
 - Vervoer verplaas produkte, ens. en kommunikasie verplaas inligting. ✓✓
 - IT verander beide die tegnologieë van vervoer en kommunikasie ✓✓ (Enige 4x2) (8)
- [50]**

VRAAG 6 (LU1 EN LU3) (50 PUNTE – 25 MINUTE)

- 6.1
- | | | |
|-------|-----------------|-----|
| 6.1.1 | entrepreneur ✓✓ | (2) |
| 6.1.2 | tasbare ✓✓ | (2) |
| 6.1.3 | monetêre ✓✓ | (2) |
| 6.1.4 | SAOK ✓✓ | (2) |
- 6.2
- Om die werking van markte te versterk. ✓✓
 - Om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. ✓✓
 - Om herverdeling van inkomme en rykdom te verseker. ✓✓ (3x2) (6)
- 6.3 **DATA RESPONS**
- | | | |
|-------|--|-----------------|
| 6.3.1 | Provinsiale gesondheid en onderwys ✓✓ | (2) |
| 6.3.2 | Regering/Staat ✓✓ | (2) |
| 6.3.3 | <ul style="list-style-type: none"> • Besikbaarheid van water ✓✓ • Sanitasie ✓✓ • Elektrisiteit ✓✓ • Vullisverwydering ✓✓ | (Enige 2x2) (4) |
| 6.3.4 | <ul style="list-style-type: none"> • Gratis watervoorsiening ✓✓ • Gratis elektrisiteitsvoorsiening ✓✓ | (Enige 1x2) (2) |

6.4 DATA RESPONS

6.4.1 Suid-Afrikaanse Reserwe Bank ✓✓ (2)

6.4.2

- Bank van uitreiking ✓✓
- Regeringsbankier ✓✓
- Bewaarder van goud en buitelandse reserwes. ✓✓
- Banke se bank ✓✓ (Enige 3x2) (6)

6.4.3

- Verandering in rentekoerse ✓✓
- Ope mark transaksies ✓✓
- Morele oorrading ✓✓ (Enige 1x2) (2)

6.5 Diskriminasie ✓✓

- Die twee mees algemeenste vorme is ras- en geslagsdiskriminasie ✓✓
- Dit is onkonstitusioneel en 'n kriminele oortreding ✓✓

Persone met gestremdhede ✓✓

- Die twee mees algemene vorm is fisiese en verstandelik gestremdhede. ✓✓
- Dit is moeilik vir hierdie mense om werk te vind. ✓✓
- Regering verskaf ongeskiktheidstoelaes ✓✓

Onkundigheid en onervarendheid ✓✓

- Mense uit landelike omgewings en skoolverlaters val in hierdie groep. ✓✓

Misplaaste persone ✓✓

- Vlugtelinge en meeste arm mense is slagoffers van omstandighede. ✓✓
- Taal- en onderwyshindernisse vererger hierdie probleem. ✓✓

Enige 2(2x2) (8)

- 6.6
- Suid-Afrika is een van die hoogs besmette lande in die wêreld ✓✓
 - Die koers van besmetting is hoër onder ekonomies-aktiewe bevolking ✓✓
 - Na besmetting raak hulle minder produktief. ✓✓
 - Kennis en ondervinding raak heeltemal verlore wanneer hulle sterf. ✓✓
 - Die koste van mediese behandeling is baie duur ✓✓
 - Dit sal 'n negatiewe uitwerking hê op besparings, belastings en wins. ✓✓
 - Dit het 'n negatiewe uitwerking op die ekonomiese groei van 'n land. ✓✓

(Enige 4x2) (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C (Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling)**VRAAG 7 (LU1 AS1)**

Ontleed die eienskappe en belangrikheid van entrepreneurs in die ekonomie.

INLEIDING

'n Entrepreneur is 'n ambisieuse en ondernemende persoon wat die inisiatief neem om 'n besigheid te begin en al die produksiefaktore te organiseer. ✓✓✓
(Aanvaar enige toepaslike definisie)

(3)

INHOUD**Eienskappe****1. Neem die inisiatief** ✓✓

- Hulle neem die inisiatief in enige gevestigde onderneming. ✓✓
- Hulle is die dryfkrag agter die produksie. ✓✓
- Hulle stel ook nuwe produkte en nuwe tegnieke bekend aan die mark. ✓✓
- Hulle is dinamiese leiers met kreatiewe vermoëns. ✓✓
- Hulle herken en identifiseer sakegeleenthede. ✓✓

2. Organiseer produksie/Voeg ander produksiefaktore saam ✓✓

- Produksiefaktore word saamgevoeg vir produksie-aktiwiteite. ✓✓
- Hierdie hulpbronne moet effektief aangewend word en vermorsing te beperk. ✓✓
- Hulle het breë belang by baie dinge en is oop vir nuwe idees en voorstelle. ✓✓
- Hulle kan onderhandel en ander mense motiveer. ✓✓

3. Dra risiko's ✓✓

- Goedere word geproduseer vir toekoms en word verbruik deur onbekende verbruikers. ✓✓
- Koop teen sekere pryse en verkoop teen onsekere pryse. ✓✓
- Soms mag inkome nie die kostes dek nie en hierdie risiko moet deur die entrepreneurs gedra word. ✓✓
- Hulle kan met enige onsekerheid handel en berekende risiko's dra. ✓✓

4. Neem besluite ✓✓

- Oor wat, waar en vir wie om te produseer. ✓✓
- Besluit ook op hoeveelheid en gehalte. ✓✓
- Neem ook besluite oor die soort onderneming. ✓✓
- Hulle het 'n duidelike begrip oor wat hulle wil doen. ✓✓

5. Het 'n behoefte om te presteer ✓✓

- Hulle het 'n sterk begeerte om suksesvol te wees in uitdagende take. ✓✓
- Beskou die oprigting van nuwe besighede as 'n persoonlike prestasie. ✓✓

MAKS. VAN 10 PUNTE VIR SLEGS NOEM (Enige 10x2) (20)

Belangrikheid

1. Verseker mededingendheid ✓✓

- Entrepreneurs skep mededinging deur ander besighede uit te daag. ✓✓
- Die aantal entrepreneurs in die mark hang af van die winsgewendheid. ✓✓

2. Skep werkgeleenthede ✓✓

- Hulle is belangrik vir 'n ekonomie om te groei en werkgeleenthede te skep vir die groeiende bevolking. ✓✓
- Klein entrepreneurs skep meer werkgeleenthede. ✓✓
- Informele sektor skep meer werk as formele sektor. ✓✓

3. Verhoog doeltreffendheid ✓✓

- Entrepreneurs met nuwe idees en tegnologie gebruik hulpbronne doeltreffend. ✓✓
- Doeltreffendheid verhoog winsgewendheid wat lei tot meer mededinging. ✓✓
- Hulle is belangrik om ander faktore doeltreffend te lei en saam te voeg. ✓✓

4. Skep nuwe rykdom ✓✓

- Entrepreneurs wat die mark betree skep nuwe rykdom. ✓✓
- Hulle is die dryfkrag in enige onderneming. ✓✓

MAKSIMUM VAN 10 PUNTE VIR SLEGS NOEM (Enige 10x2) (20)

SLOT

In 'n markeconomie, aanvaar die entrepreneurs die uitdaging om hulpbronne saam te voeg asook die risiko's daaraan verbonde. ✓✓ (2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesseer

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan en het feite gekoppel aan die onderwerp. (31 – 45 punte)

(5) [50]

VRAAG 8 (LU2 AS1)

Verduidelik in detail die kenmerke van 'n volmaak mededingende mark en sluit jou opstel af deur kortliks die redes vir onvolmaakte markte te verduidelik.

INLEIDING

Volmaakte mark is 'n ideale markstruktuur wat selde in die werklike lewe bestaan. ✓✓✓

(Aanvaar enige toepaslike inleiding)

(3)

INHOUD**Kenmerke****1. Groot aantal verkopers ✓✓**

- 'n Enkele verkoper is nie groot genoeg om die mark te beheer nie. ✓✓
- Daar is voldoende mededinging dat geen individuele produsent die prys van 'n produk kan vasstel nie. ✓✓
- As enige verkoper probeer om 'n hoër prys as die markprys te hef, sal kopers dit by ander verkopers gaan koop. ✓✓
- Verkopers in die mark is prysnemers. ✓✓
- Een verkoper kan nie die prys verander deur aanbod te beperk nie. ✓✓

2. Groot aantal kopers ✓✓

- 'n Enkele koper is nie groot genoeg om die prys te beïnvloed nie. ✓✓
- Mededinging in die mark bepaal die ewewigsprys en -hoeveelheid. ✓✓

3. Homogene produkte ✓✓

- Die produkte in hierdie markte is homogeen of identies. ✓✓
- Dis onmoontlik dat 'n produk van een produsent verskil van dié van 'n ander. ✓✓
- Daar is geen rede vir kopers om produkte van een verkoper bo dié van 'n ander te verkies nie. ✓✓
- Verkopers en kopers ding met mekaar mee kragtens die prys van die produk. ✓✓

4. Volledige inligting ✓✓

- Alle markdeelnemers het volledige en korrekte inligting aangaande marktoestande. ✓✓
- Bv. markprys van die produk. ✓✓

5. Geen samespanning ✓✓

- Elke koper en verkoper tree onafhanklik van mekaar op en geen samespanning vind plaas nie. ✓✓

6. Vryheid van toe- en uittrede ✓✓

- Kopers en verkopers is vry om tot die mark toe te tree of dit te verlaat. ✓✓
- Daar is geen wetlike beperkings wat die vry beweging van kopers en verkopers beperk nie. ✓✓
- Nuwe ondernemings kan toetree en meeding met bestaandes. ✓✓
- Toetree- en uittree kostes is minimaal. ✓✓

7. Ongereguleerde mark ✓✓

- Daar is geen regeringsinmenging of –beheer in die markte nie. ✓✓
- Alle besluite berus by individuele kopers en verkopers. ✓✓

8. Volmaakte beweeglikheid ✓✓

- Al die produksiefaktore behoort vryelik van een mark na 'n ander te beweeg. ✓✓

MAKS. VAN 16 PUNTE VIR SLEGS NOEM (Enige 16x2) (32)

Redes vir onvolmaakte mededinging

- Gespesialiseerde klein markte met geen ruimte vir baie produsente. ✓✓
- Groot kapitaaluitleg wat buite bereik is van baie besighede. ✓✓
- 'n Onderneming mag die alleeneienaar wees van 'n skaars hulpbron. ✓✓
- Produsente mag kopiereg of patentreg hê op die produk wat dit moeilik maak vir ander produsente om toe te tree. ✓✓
- Tegnologiese ontwikkelings mag daartoe lei dat een verskaffer 'n voordeel bo sy mededingers het. ✓✓
- Onvolledige kennis van marktoestande. ✓✓

(Enige 4x2) (8)

SLOT

Die toestande vir volmaakte mededinging is baie beperkend, so dit is nie 'n verrassing dat geen mark aan die vereistes vir volmaakte mededinging voldoen nie. ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike slot)

(2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesseeer

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan en het feite gekoppel aan die onderwerp. (31 – 45 punte)

(5)

[50]

VRAAG 9 (LU3 AS2)

Verduidelik ten volle die eienskappe van ontwikkelende lande.

INLEIDING

Ontwikkelende lande word geïdentifiseer aan die kenmerke wat hulle ten toon stel. ✓✓✓

(Aanvaar enige toepaslike definisie)

(3)

INHOUD**Eienskappe van ontwikkelende lande**

1. **Lae lewenstandaard** ✓✓
 - Lewenstandaard in ontwikkelende lande is laag. ✓✓
 - Dit word gemeet kragtens per capita inkome. ✓✓
 - Bv. onvoldoende behuising, swak gesondheid, beperkte onderwys, ens. ✓✓
2. **Lae per capita inkome** ✓✓
 - Per capita inkome in ontwikkelende lande is laag. ✓✓
 - Hulle het stadiger groei van per capita BNI as ontwikkelde lande. ✓✓
 - Daar is groter ongelykheid in verspreiding van inkome. ✓✓
3. **Groter ongelyke verdeling van inkome** ✓✓
 - Die inkome-gaping tussen die ryk en die arm is groter in ontwikkelende lande. ✓✓
 - Hierdie inkome-gaping word na verwys as inkome-ongelykheid. ✓✓
4. **Meer armoede** ✓✓
 - Meerderheid van bevolking in ontwikkelende lande is arm. ✓✓
 - Mense is arm omdat hulle inkomste onder die armoedelyn is. ✓✓
5. **Lae lewensverwagting** ✓✓
 - Hulle veg ook teen wanvoeding, siekte en swak gesondheid. ✓✓
 - A.g.v. wanvoeding, siekte en swak gesondheid is hulle lewensverwagting laag. ✓✓
6. **Lae vlakke van onderwys** ✓✓
 - Lae lewenstandaard is a.g.v. lae vlakke van onderwys. ✓✓
 - Volwasse geletterdheidskoers is laag in ontwikkelende lande. ✓✓
7. **Lae vlakke van produktiwiteit** ✓✓
 - Arbeidsproduktiwiteit in hierdie lande is baie laag in vergelyking met ontwikkelde lande. ✓✓
 - Dit is a.g.v. die afwesigheid van faktorinsette. ✓✓
 - Swak voeding gedurende kinderjare beperk geestelike en fisiese groei. ✓✓
 - Hierdie faktore dra by tot swak-gesondheid, siekte en werker afwesigheid. ✓✓
 - Te min geld word spandeer aan die ontwikkeling van menslike kapitaal. ✓✓
8. **Hoë bevolkingsgroei en afhanklikheidslas** ✓✓
 - Geboortekoers is hoog en mortaliteitskoers is laag a.g.v. moderne medisyne. ✓✓
 - Die gemiddelde bevolkingsgroei koers in ontwikkelende lande is hoër as in ontwikkelde lande. ✓✓
 - Kinders maak die grootste deel van die bevolking uit. ✓✓

- Kinders en mense ouer as 65 jaar is afhanklik van die produserende bevolking. ✓✓
- 9. **Hoë vlakke van werkloosheid** ✓✓
 - Ontwikkelende lande kan nie optimaal gebruik maak van die arbeidskrag nie. ✓✓
 - Daar is baie onderindiensname – werk vir minder ure of lone. ✓✓
 - Meeste van die werkloos is nie in staat om self werk te skep nie. ✓✓
- 10. **Afhanklik van primêre sektor** ✓✓
 - Meeste van die bevolking leef en werk in landelike gebiede. ✓✓
 - Meeste van hulle is betrokke by landbou aktiwiteite. ✓✓
 - Primêre sektor goedere is hoof uitvoerprodukte. ✓✓
- 11. **Onvoldoende infrastruktuur** ✓✓
 - Alle vorme van infrastruktuur is onvoldoende in ontwikkelende lande. ✓✓

MAKS. VAN 20 PUNTE VIR SLEGS NOEM (Enige 20x2) (40)

SLOT

Ontwikkeling strategieë wat in ontwikkelende lande toegepas word verskil van land tot land. ✓✓ (2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesseeer

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan en het feite gekoppel aan die onderwerp. (31 – 45 punte)

(5) [50]

VRAAG 10 (LU4 AS4)

Skryf 'n gedetailleerde opstel oor die oorsake en uitwerkings van armoede.

INLEIDING

Armoede is 'n toestand waar mense nie oor die middele beskik om hulle basiese fisiese behoeftes te bevredig nie. ✓✓✓

(Aanvaar enige toepaslike definisie)

(3)

INHOUD**Oorsake van armoede**

1. **Oorspronklike oorsake** ✓✓
 - Kolonialisme en imperialisme – gekolonialiseerde land en sy mense uitgebuit vir rykdom en mag. ✓✓
 - Oorheersing, diskriminasie, segregasie, kapitalisme en apartheid. ✓✓
2. **Werkloosheid** ✓✓
 - Die mees belangrike rede vir armoede is die gebrek aan werk. ✓✓
3. **Onvoldoende infrastruktuur** ✓✓
 - Onvoldoende infrastruktuur verhoog die koste van 'n besigheid. ✓✓
 - Die koste om infrastruktuur te voorsien is hoog en onbekostigbaar in die meeste lande. ✓✓
4. **Bron ontoereikendheid** ✓✓
 - Hulpbronne is nie genoeg om die bevolking te ondersteun nie. ✓✓
5. **Gebrek aan sosiale infrastruktuur** ✓✓
 - Die mees belangrikste is 'n gebrek aan onderwys en gesondheidsorg. ✓✓
 - Baie arm lande kan nie bekostig om onderwys aan jongmense te voorsien nie. ✓✓
 - Ekonomiese groei en ontwikkeling hang af van die hoeveelheid en gehalte van onderwys. ✓✓
 - Onderwys sal ook produktiwiteit bevorder. ✓✓
 - Gesondheidsorg sluit in voeding, gesondheid fasiliteite, sosiale sekuriteit, ens. ✓✓
 - Daar is onvoldoende primêre gesondheidsorg in arm lande. ✓✓
6. **Gebrek aan investering en skuld** ✓✓
 - Armoede lei tot onvoldoende investering en omgekeerd. ✓✓
 - Investering is belangrik vir groei en ontwikkeling. ✓✓
 - Oormatige skuld is nadelig vir groei en ontwikkeling. ✓✓
7. **Tekort aan tegnologiese vooruitgang** ✓✓
 - Gebrek aan moderne tegnologie in landbou, vervaardiging en dienste industrieë. ✓✓
 - Gebrek aan tegniese vaardighede en investering is die redes vir 'n gebrek aan tegnologie. ✓✓

8. **Swak staatsbestuur** ✓✓

- Arm lande het 'n geskiedenis van swak staatsbestuur. ✓✓
- Korrupsie en nepotisme word ondoeltreffend hanteer. ✓✓
- Begrotings, prosedures en protokol word nie korrek gevolg nie. ✓✓
- Ondoeltreffende of swak beleide kan ook lei tot armoede. ✓✓

9. **Geweld en oorlog** ✓✓

- Geweld en oorlog vind plaas tot die nadeel van landsburgers. ✓✓
- Hulpbronne vir onderwys en gesondheidsorg word aangewend vir oorlog. ✓✓
- Dit vernietig menslike lewens en infrastruktuur. ✓✓

MAKS. VAN 12 PUNTE VIR SLEGS NOEM (Enige 12x2) (24)

Uitwerking van armoede1. **Sosiale uitwerking** ✓✓

- Armoede lei tot baie sosiale probleme. ✓✓
- Bv. haweloosheid, dwelmafhanlikheid, huismoles, ens. ✓✓
- Trots en waardigheid word aangetas. ✓✓
- Dit beïnvloed ook wedersydse respek, verdraagsaamheid en 'n vreedsame bestaan, negatief. ✓✓

2. **Daling in vraag** ✓✓

- Dit lei tot 'n afname in totale vraag. ✓✓
- Die werkloosheid het nie enige koopkrag nie. ✓✓

3. **Toename in bevolking** ✓✓

- Toename in die aantal kinders as 'n bron van ouderdom finansiële sekuriteit. ✓✓
- Dit word ook veroorsaak deur migrasie uit ander lande. ✓✓
- Dit is ook nadelig vir die omgewing en werkverskaffing. ✓✓

4. **Afname in produktiwiteit** ✓✓

- Lae inkome en lae lewenspeil lei tot lae ekonomiese produktiwiteit. ✓✓
- Meeste arm mense het nie opleiding en vaardighede nie. ✓✓
- Die toename in MIV/Vigs en afwesigheid lei ook tot lae produktiwiteit. ✓✓

5. **Lae ontwikkelingsvlak** ✓✓

- Groter besteding aan sosiale sekuriteit ontnem arm lande van hul fiskale bronne. ✓✓
- Aangesien mense arm is, is dit die verantwoordelikheid van die regering om onderwys, gesondheidsorg en ander dienste te verskaf. ✓✓
- Dit plaas 'n groot las op regeringfinansies. ✓✓

6. **Landelik-stedelike migrasie** ✓✓

- Armoede lei tot migrasie van beter opgeleide mense van landelike na stedelike gebiede. ✓✓
- Landelike bevolking verarm toenemend. ✓✓
- Stedelike gebiede groei in 'n onbeplande manier sonder dienste. ✓✓
- Dit lei tot oorbevolking, misdaad en ander sosiale probleme. ✓✓

MAKS. VAN 8 PUNTE VIR SLEGS NOEM (Enige 8x2) (16)

SLOT

Dit is moeilik vir baie arm mense om die armoede siklus te verbreek as gevolg van 'n gebrek aan geleenthede en hulpbronne en armoede lei tot meer armoede. ✓✓ (2)

Gebruik die volgende assessering rubriek om bogenoemde bespreking mee te assesseer

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie.
1	Kandidaat toon ietwat begrip van onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (1 – 15 punte)
3	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (16 – 30 punte)
5	Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan en het feite gekoppel aan die onderwerp. (31 – 45 punte)

(5)
[50]

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 300